STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

Verkoop van handelsware

– Totale omset het met 7.26% toegeneem tot R72,298 miljard. In die algemeen vind kleinhandelaars dit meer toepaslik om hul sake in vol weke te bestuur en te meet. Die Groep handhaaf ook hierdie beginsel, met die gevolg dat daar omtrent elke vyf jaar 'n bykomende week ingesluit moet word by die finansiële jaar. In die geval van die Groep, word dit gedoen om die jaareinde terug, of naby, te bring aan 30 Junie. Die Groep het hierdie ekstra week by die vorige finansiële jaar ingesluit. Wanneer hierdie ekstra week uitgesluit word, het die Groep sy omset met 9.7% verhoog. Gegewe die algemene stand van die ekonomie, was dit 'n bevredigende prestasie.
– Die tabel hieronder weerspieël die omset per segment, soos aangepas vir die ekstra week:

VERKOPE PER SEGMENT

	Verkope 2009/2010 (53 weke) R'000	Verkope 2009/2010 (52 weke) R'000	Verkope 2010/2011 (52 weke) R'000	Groei in verkope oor 52 weke %
Supermarkte RSA	53 367 171	52 121 519	57 213 793	9.8
Supermarkte nie-RSA	7 163 977	7 002 912	7 316 698	4.5
Meubels	3 002 589	2 943 508	3 059 648	4.0
Ander Segmente	3 868 703	3 835 474	4 707 638	22.7
Totale Verkope	67 402 440	65 903 413	72 297 777	9.7

– Die Supermarkte nie-RSA-segment het R7,317 miljard tot die Groep se omset bygedra in 'n lae inflasionêre omgewing, na omrekening na rand. Weens die sterkte van die rand in verhouding tot die Amerikaanse dollar, en die voortgesette swakheid van die meeste Afrika-geldeenhede waarin die Groep handeldryf, het dit op 'n groei in omset van 2.1% (52 weke: 4.5%) in randterme neergekom. Teen 'n konstante valuta, was die groei in omset 10.2% (12.8% op 'n 52-week-grondslag).
– Die Groep se belegging in wêreldklasstelsels en -logistieke infrastruktuur, sowel as sy beleid van laagste pryse, het daarvoor gesorg dat dit steeds veld wen teenoor sy mededingers. Deur die handhawing van hierdie beginsels het die Groep nie net daarin geslaag om die lojaliteit en ondersteuning van klante regoor die spektrum te behou nie, maar ook om sy klantebasis uit te brei.
– Interne voedselinflasie het in 2010 tot 2.2% gedaal vanaf 15.8% in 2009. Gedurende die afgelope finansiële jaar het dit verder verlaag tot 'n gemiddeld van -0.1%. Hierdie afname word ten beste geïllustreer deur die feit dat die Groep 'n gemiddelde interne voedseldeflasie van 1.6% gehandhaaf het gedurende die eerste ses maande van die verslagtydperk.
– Die meubelsegment het met baie moeilike omstandighede te kampe gehad, maar daarin geslaag om sy omset met 4.0% tot R3,060 miljard te verhoog. Marges is verlaag ten einde in sulke omstandighede groei te bewerkstellig, met 'n gevolglike negatiewe impak op die handelswins, wat slegs tot R131,4 miljoen (2010: R131,2 miljoen) vermeerder het. Die sterkste groei in omset, synde 4.88%, is deur OK Furniture, wat middel- tot laerinkomsteverbruikers bedien, aangemeld. Hierdie groei is behaal in 'n merendeels deflasionêre omgewing en 'n uiters mededingende mark. Kredietdeelname in OK Furniture en OK Power Express het met 1.3% verminder, en met 0.25% vermeerder in House & Home. Dit het aanleiding gegee tot verdere druk op handelsmarge, aangesien die groei in finansieringsinkomste negatief beïnvloed is.

Bruto wins

Bruto wins bestaan hoofsaaklik uit die bruto marge ná prysaanpassings en voorraadkrimping. Ooreenkomstig IFRS (IAS 2: Voorraad, en IFRIC Omsendskrywe 9/2006) het die Groep vereffeningsafslag en kortings van die voorraadkoste afgetrek.

Die Groep het steeds sy prysmededingendheid gehandhaaf in 'n mark wat deur aggressiewe afslagpryse vir voedsel gekenmerk word. Ondanks 'n verlaging van die marges op basiese voedsel, kon die Groep sy brutowinsmarges verhoog, danksy 'n effens groter bydrae deur nie-voedselitems en 'n toename in die doeltreffendheid van sy stelsels en logistieke infrastruktuur. Dit het gelei tot 'n verhoging van 19.7% tot 20.3% in die brutowinsmarge. Bruto wins het met 10.7% tot R14,67 miljard toegeneem, hoofsaaklik weens die toename in omset en die doeltreffende logistieke infrastruktuur, soos reeds genoem. Krimping is steeds goed onder beheer, maar die Groep ervaar toenemende druk weens 'n toename in misdaad en misdadigers wat al meer uitdagend raak.

Ander bedryfsinkomste

Ander bedryfsinkomste het met 17.7% tot R1,856 miljard toegeneem danksy 'n toename in kommissie ontvang en verhalings verdien. Finansieringsinkomste (-7.5%) het onder druk gekom weens die verlaging in kredietdeelname in die meubelsegment, maar ander items het meer gegroei as die verhoging in omset.

Uitgawes

Kostebestuur geniet steeds 'n hoë prioriteit binne die Groep, omdat handelsmarges altyd onder druk is weens die strawwe mededinging in voedselkleinhandel.

– **Waardevermindering en amortisasie:** Die Groep belê steeds in inligtingstegnologie. Dit open ook nuwe winkels, terwyl ouer winkels aaneenlopend opgeknap word. In die algemeen word winkels elke sewe tot agt jaar opgeknap. Twee verspreidingsentrums is vergroot en 96 nuwe winkels is gedurende die jaar geopen.
– **Bedryfshuurkontrakte:** Die verhoging van huurgeld vir bestaande winkels is gewoonlik ooreenkomstig dié van die eiendomsmark in geheel. Ag-en-sewentig (78) netto nuwe winkels is gedurende die jaar geopen, en die toename in omset het ook met 'n ooreenstemmende toename in omsethuur gepaardgegaan. Sekere huurbetalings is verminder deurdat hoofhuurkontrakte hetsy nie hernu is nie, of herbeding is gedurende die jaar.
– **Werknemersvoordele:** Die 9.3%-toename in personeelkoste was hoofsaaklik te wyte aan personeelvereistes wat uit die verhoogde omset spruit, sowel as die aantal nuwe winkels wat geopen is. Die verbetering van produktiwiteit het verlangsaam, terwyl die fokus na die verbetering en handhawing van dienspeilvlakke in winkels verskuif het. Voorsiening vir langtermynaanspore om personeel te behou is by werknemersvoordele ingesluit.
– **Ander uitgawes:** Hierdie kostes, wat met 12.8% toegeneem het, dek uitgawes soos elektrisiteit en water, herstel- en instandhoudingskoste, en sekuriteit. In gevalle waar die Groep verplig is om die buitekant van gehuurde geboue in stand te hou, het hy sy voorsiening vir die herstel van sodanige geboue gehandhaaf.

Die toename in ander uitgawes het die toename in omset oortref, maar dit was hoofsaaklik weens die verhoging in elektrisiteitskostes. Indien elektrisiteit buite rekening gelaat word, het die ander uitgawes met 'n meer beskeie 8.2% toegeneem.

Handelswins

Handelsmarges het van 5.18% tot 'n rekordvlak van 5.51% gestyg danksy 'n toename in bruto marges en die gesonde bestuur van uitgawes oor die tydperk.

Wisselkoersverskille

Soos verklaar in die rekeningkundige beleid, word die balansstate van buitelandse filiale teen sluitingskoerse na rand omgereken. Hierdie omrekeningsverskille word in ekwiteit in die buitelandse valuta-omrekeningsreserwe verantwoord. In wese is die meeste buitelandse wisselkoersverskille in die staat van omvattende inkomste die gevolg van korttermynlenings in hoofsaaklik Amerikaanse dollar van bedrywighede buite Suid-Afrika, sowel as saldo's in Amerikaanse dollar wat in buitelandse rekeninge gehou word.

Die rand het sy sterkte gedurende die jaar gehandhaaf – terwyl die geldeenhede van sommige van die Afrika lande waar die groep sake doen verswak het teen die Amerikaanse dollar, het die rand sterk gestaan. Die gevolg hiervan was 'n kleiner valutaverlies van R0,446 miljoen vergeleke met R77,8 miljoen in die vorige finansiële jaar.

Die tabel hieronder weerspieël die benaderde koste per eenheid van die belangrikste geldeenhede teen jaareinde:

	2008	2009	2010	2011
Amerikaanse dollar	7.956	8.02	7.745	6.7697
Euro	12.516	11.2511	9.674	9.82511
Zambiese kwacha	0.003	0.0015	0.0015	0.001403
Angolese kwanza	0.103	0.1033	0.0834	0.07274
Mosambiekse metical	0.321	0.2976	0.2245	0.2394
Nigeriese naira	0.054	0.0541	0.0518	0.0444

Netto rente betaal

Die Groep benut daggeldgeriewe vir beide korttermyndeposito's en -lenings. Soos in die verlede, het die Groep alle kapitaalprojekte met korttermynlenings en kontantreserwes gefinansier. Gedurende die huidige finansiële jaar het rente ontvang van 'n netto rente van R12m ontvang na netto rente betaal van R31,3m verander weens die toename in kapitaaluitgawes en die rentekoers verlagings. Soos elders genoem, het die Groep 'n groot veldtog van stapel gestuur om die kapasiteit van sy Verspreidingsentrums te vergroot. Teen die jaareinde is die kapasiteit van beide die Centurion- en Brackenfell-sentrums feitlik verdubbel.

Inkomstebelasting

Die effektiewe inkomstebelastingkoers is hoër as die nominale inkomstebelastingkoers weens sekere nie-aftrekbare uitgawes, soos verbeteringe aan gehuurde geboue, sowel as inkomstebelasting verliese in sekere nie-RSA-lande wat nie vir Groepdoeleindes aangewend kan word nie. Die uitgawe aan inkomstebelasting sluit 'n bedrag van R121,7 miljoen ten opsigte van sekondêre belasting op maatskappye in.

Verwaterde wesensverdienste per aandeel

Verwaterde wesensverdienste per aandeel het met 12.4% toegeneem van 451,6 sent tot 507,6 sent. Dit is hoofsaaklik te danke aan die groei in omset van 7.26%, 'n toename in handelswins van 14.2%, en die afname in wisselkoersverliese. Gegewe die ekstra week wat by die vorige jaar ingesluit was, is dit 'n bevredigende prestasie.

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

Nie-bedryfsbates

EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING, EN ONTASBARE BATES

Gedurende die jaar het die Groep R3,005 miljard aan eiendom, aanleg en toerusting, en sagteware bestee, vergeleke met R2,509 miljard in 2010. Die Groep handhaaf ook steeds sy beleid van die aankoop van onbeboude grond vir strategiese doeleindes en die bou van kleinhandelpersele waar geen ontwikkelaars beskikbaar is nie. Gedurende die jaar het die Groep R937 miljoen aan sodanige grond en geboue bestee. Die belegging in opknappingswerk het R361 miljoen beloop, terwyl R610 miljoen aan nuwe winkels bestee is (met uitsondering van grond en geboue), R374 miljoen aan inligtingstegnologie, en die oorblywende bedrag aan normale vervangings. Die Groep is tans besig om sy handelsware-aanbiedings-, meesterdata- en sentrale-voorraad-stelsels te verbeter. Hierdie ontwikkeling sal in die volgende finansiële jaar voortduur. Kapitaalverpligtinge van R1,344 miljard is vir die volgende finansiële jaar aangegaan ten opsigte van hierdie verbeteringe.

Ontasbare bates bestaan hoofsaaklik uit klandisiewaarde betaal vir verkrygings, handelsmerke verkry en sagteware. Klandisiewaarde verteenwoordig die premie wat vir sekere bedrywighede betaal word, en word jaarliks getoets vir waardedaling gebaseer op die gebruikswaarde van hierdie bedrywighede, wat met behulp van kontantvloeiskattings bereken word. Die laaste groot toevoeging was as gevolg van die aankoop van die Transpharm-groep in Desember 2009.

Sagteware verteenwoordig die Groep se belegging in sekere rekenaarsagteware wat in sy daaglikse bedrywighede gebruik word. Die Groep het voortgegaan om in nuwe SAP-sagteware te belê. Sagteware word geamortiseer oor die nuttige gebruiksduur daarvan, synde drie tot sewe jaar.

Handelsmerke verteenwoordig die aangekoopte Computicket- en Transpharm-handelsmerke, en word oor 20 en 16 jaar onderskeidelik geamortiseer.

BELEGGINGS BESKIKBAAR VIR VERKOOP

100 "S"-klas gewone aandele in RMB Global Solutions (Edms) Bpk ter waarde van R60 miljoen. Dit verteenwoordig die Groep se belegging in 'n internasionale tesouriestelsel wat die Groep in sy internasionale bedrywighede gebruik.

LENINGS EN ONTVANGBARE BEDRAE

13 500 000 aflosbare, omskepbare (albei op bepaalde voorwaardes, soos winsgewendheidsvlakke behaal), kumulatiewe voorkeuraandele in Pick & Buy Bpk, 'n kleinhandelsupermarkgroep in Mauritius, ter waarde van R33 miljoen. Hierdie aandele is verkry as deel van 'n onderlinge ooreenkoms met die eienaars van Pick & Buy Bpk, wat op hul beurt in die Groep se filiaal in Mauritius belê het. Pick & Buy het sedertdien uit die gemelde filiaal onttrek.

Die balans bestaan hoofsaaklik uit bedrae verskuldig deur franchise-houers vir franchises, sowel as los en vaste toebehore en toerusting wat aan hulle verkoop is.

UITGESTELDE INKOMSTEBELASTING BATES

Vir finansiële verslagdoening doeleindes word daar, volgens die aanspreeklikheidsmetode, voorsiening gemaak vir uitgestelde inkomstebelasting vir berekende inkomstebelasting verliese en tydelike verskille tussen die inkomstebelasting basisse van bates en laste, sowel as hul drawaardes. Hierdie bate het hoofsaaklik ontwikkel uit voorsienings wat vir verskeie doeleindes geskep is, sowel as opgelope bedryfshure met vaste eskalasie.

Bedryfsbates

VOORRAAD

Voorraad het R7,06 miljard beloop – 'n toename van 15% teenoor die vorige jaar. Die voorraadomset, gegrond op die verkoop van handelsware, was 11,0 keer (2010: 11,1 keer) en, gegrond op die koste van verkope, 8,8 keer (2010: 8,9 keer). Die toename in voorraad kan hoofsaaklik aan die volgende toegeskryf word:

- Die voorsiening vir 78 netto nuwe winkels, en
- Verdere groei in die bedrywighede van Transpharm, die groothandel-farmaseutiese saak, en die uitbreiding van die Verspreidingsentrum in Centurion.

HANDELS- EN ANDER DEBITEURE

Handels- en ander debiteure verteenwoordig hoofsaaklik afbetalings-verkoopsdebiteure, franchise-debiteure, koophulpverenigings en huur-debiteure. Genoegsame voorsiening is gemaak vir moontlike oninbare skulde, en die uitstaande-debiteureboek word gereeld hersien.

Die voorsiening vir waardedaling en onverdiende finansierings-inkomste ten opsigte van afbetalingsverkoopsdebiteure het 13.87% bedra, vergeleke met 13.7% die vorige jaar. Hierdie minimale toename is moontlik gemaak deur die gehalte van die debiteureboek.

BATES GEHOU VIR VERKOOP

Sekere grond en geboue word as "gehou-vir-verkoop"-bates geklas-sifiseer, aangesien die Groep tans daadwerklik soek na kopers vir hierdie eiendomme. Dít vind plaas ooreenkomstig die Groep se beleid om slegs in vaste eiendom te belê indien toepaslike huur-ruimte nie beskikbaar is nie.

KONTANT EN KONTANT-EKWIVALENTE, EN OORTREKKING

Teen jaareinde het netto kontant en kontant-ekwivalente 'n oortrekking van R81 miljoen beloop, vergeleke met 'n positiewe balans van R1,3 miljard in 2010. Die vermindering is hoofsaaklik te wyte aan die volgende:

- kapitaalbesteding, hoofsaaklik aan grond en geboue, van R3 miljard, en
- die 53ste week wat in die vorige jaar by die Groep se resultate ingesluit is, het veroorsaak dat die datum van die Staat van Finansiële Posisie tot ná die kalendermaandeinde verskuif is, wat meegebring het dat 30-dae-termynkrediteure voor jaareinde betaal is.

Bedryfslaste

VOORSIENINGS

Daar word genoegsaam voorsiening gemaak vir mediese voordele na aftrede, herinstellings, beswaarde huurkontrakte, langtermynwerk-nemersvoordele en alle uitstaande versekeringseise. Die Groep het 'n groot gedeelte van sy mediese aanspreeklikheid na aftrede in die vorige finansiële jaar vereffen. Die oorblywende aanspreeklikheid hou hoofsaaklik verband met pensionarisse, en sal in die volgende finansiële jare vereffen word.

KREDIETVERKOPE

Die Groep het steeds kredietfasiliteite verskaf as 'n deel van sy meubelsaak. Hierdie debiteureboek word intern bestuur en geadministreer, aangesien die toestaan van krediet as 'n kerndeel van meubelverkope beskou word.

SHOPRITE-VERSEKERING

Die Groep bedryf sy eie korttermynversekeringsmaatskappy as deel van die meubelsaak. Gedurende die jaar onder beskouing het netto premies verdien R257 miljoen bedra, vergeleke met R228 miljoen die vorige jaar. Soos in die verlede, neem die Groep premies verdien en verlengde waarborgfooie oor die duur van die polis in aanmerking. In Suid-Afrika word versekeringspremies maandeliks gefaktureer en verdien. Dit is in pas met die Nasionale Kredietwet.

Die volgende voorsienings word op 'n jaarlikse basis gemaak:

- Uitstaande eise betaalbaar = die gemiddelde van werklike eise uitstaande vir die betrokke tydperke, en
- Gebeurlikheidsreserwe = 10% van netto premies, waar premies volgens die volgende formule verdien word:
  - Premies verdien = Netto premie x die verstreke tydperk, en
  - Premies onverdien = Netto premie x die onverstreke tydperk.

Teen jaareinde het die versekeringsmaatskappy 'n solvensiemarge van 76% (2010: 69%) gehad, vergeleke met die minimum vereiste van 15% ingevolge die Versekeringswet.